**AANSOEK OM TOELATING**

**tot die**

**CENTURION KLEUTERSKOOLVERENIGING**

**handeldrywende as**

**BAMBI KLEUTERSKOOL**

Lyttelton

(hierin na verwys as "Bambi Kleuterskool/die Kleuterskool")

Die Applikant/Ouer doen hiermee aansoek om die toelating van die kind tot Bambi Kleuterskool. Deur hierdie voltooiing van hierdie aansoekvorm sal die inhoud daarvan 'n ooreenkoms sluit tussen die partye daartoe.

**NAAM VAN LEERDER:** ______________________________________________

**GEBOORTE DATUM VAN LEERDER:** _____________________________________

**DATUM VAN INSKRYWING:** __________________________________________

_______________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

## VEREISTES

**HIERDIE AANSOEKVORM MOET VERGESEL WEES VAN DIE VOLGENDE:**

- 'n Gewaarmerkte afskrif van die leerling se volledige geboortesertifikaat.
- 'n Afskrif van die leerling se nuutste skoolrapport.
- 'n Afskrif van enige professionele verslag, bv. Arbeidsterapie, IK-evaluasie, Spraakterapie ens. (indien van toepassing).
- 'n Afskrif van die leerling se inentingsrekord.
- 'n Gewaarmerkte afskrif van die ouers se identiteitsdokumente.
- 'n Afskrif van die ouers/voogde se Huweliksertifikaat (indien van toepassing).
- Twee (2) ID-foto's van die kind.
- Nie-S.A. inwoners MOET 'n afskrif voorsien van hulle paspoorte, studievisum, tydelike of permanente verblyspermitte, asook dié van die leerling.

AANSOEKVORMS WAT ONVOLLEDIG IS EN/OF NIE DIE VEREISTE DOKUMENTASIE AANGEHEG HET NIE, SAL NIE VERWERK WORD NIE.

**EK/ONS, AS DIE OUER/VOOG VAN DIE APPLIKANT:**

- Doen hiermee aansoek om 'n plek by Bambi Kleuterskool vir die applikant om 'n leerling by die skool te word met ingang van die toelatingsdatum wat versoek is.
- Hierdie aansoekvorm sal slegs oorweeg word vir verwerking sodra al die bogenoemde dokumentasie ontvang is.
- Aanvaar dat hierdie aansoek onderhewig is aan Bambi Kleuterskool se grondwet en/of beleide wat van tyd tot tyd gewysig en hersien mag word.
- Verstaan dat dit noodsaaklik is dat ek/ons die onderrigsbeskouing van Bambi Kleuterskool verstaan en ondersteun en ek/ons is dus gewillig om deel te neem aan oueropleidingsprogramme.
- Verstaan dat Bambi Kleuterskool staatmaak op ouerlike ondersteuning en insette in die Bambi Kleuterskool-gemeenskap. Ek/Ons is gewillig om alle inisiatiewe van die skool, insluitende fondsinsamelings, werksdae, die maak van toerusting en sosiale geleenthede, tot 'n redelike mate te ondersteun.
- Verstaan en kom ooreen dat alle fooie wat deur die skool versoek word, noodsaaklik is vir die volgehoue werking en langtermyn stabiliteit van die skool. Ek/Ons verstaan ook dat die skoolgelde van tyd tot tyd hersien sal word deur die bestuur en dat skoolgelde mag vermeerder word indien die skool voel dat dit nodig is.
- Erken dat ons die bepalings van hierdie kontrak gelees het en aanvaar die bepalings, voorwaardes en vereistes wat hierin gelys word.

________________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

- Hou myself/onsself aanspreeklik vir die stiptelike betaling van gelde en enige rente opgeloop op agterstallige rekeninge. Ek/Ons is verder bewus dat, indien die skoolgelde agterstallig is, Bambi Kleuterskool die reg het om die leerling se rapport te weerhou en/of om toelating van my/ons kind tot die skool te weier.
- Onderneem skriftelike kennis voordat my/ons kind van die skool wegskuif.
- Erken dat daar geen verpligting op Bambi Kleuterskool is om die applikant 'n plek aan te bied of om die applikant as 'n leerling van die skool te aanvaar nie.
- Magtig die applikant se huidige skool om:
    - Aan Bambi Kleuterskool te bevestig of alle gelde ten opsigte van die applikant aan daardie huidige skool betaal is; en
    - Aan Bambi Kleuterskool enige inligting rakende die applikant (bv. akademiese verslag en leerling-profiel) bekend te maak en magtig Bambi Kleuterskool om hierdie aansoek en magtiging aan daardie skool bekend te maak.
- Inligting voorsien op hierdie vorm is waar en korrek. Ek/Ons het die Bambi Kleuterskool kontrakte, grondwet en beleide gelees en verstaan en kom ooreen om dit te gehoorsaam.
- Kom ooreen om alle beleide te gehoorsaam en om Bambi Kleuterskool se reëls en regulasies te ondersteun.
- Sal die skool daarin ondersteun om hoë standaarde van werksgewoontes en goeie gedrag te onderhou.
- Kom ooreen om verantwoordelikheid te neem vir verlies of skade aan skooleiendom wat deur my/ons kind veroorsaak is (bv. Bambi Kleuterskool toerusting, boeke ens.).
- Dit is my/ons bedoeling om my/ons kind in die Bambi Kleuterskool te laat bly totdat toepaslike kennis gegee is.
- Het enige relevante inligting bekendgemaak rakende enige spesiale/gedragsverwante behoeftes wat my/ons kind mag hê. Ek/Ons verstaan dat my/ons versuim om dit te doen mag veroorsaak dat my/ons kind sy/haar plek in die Skool verloor.
- Verstaan dat aanvaarding van hierdie vorm deur Bambi Kleuterskool nie aanvaarding tot die skool impliseer nie.
- Aanvaar dat daar van die leerling mag verwag word om aan sekere basislyn-toetse te onderwerp.
- Aanvaar dat 'n onderhoud met die ouers/voogde en die leerling ook mag vereis word voor aanvaarding.
- Verstaan en aanvaar die betalingsbeleid in hierdie kontrak.
- Verstaan en aanvaar dat skoolgelde vooruit betaal word.
- **Bambi Kleuterskool verwerk alle persoonlike inligting, insluitend mediese persoonlike inligting in terme van die Wet Op Beskerming Van Persoonlike Inligting, No 4 van 2013 (soos gewysig). Die ondergetekende, verantwoordelike persoon, wettige voog**

_______________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

**van die leerling, gee hiermee toestemming vir die verwerking en verdere verwerking van hul asook die leerling se persoonlike inligting deur Bambi Kleuterskool enige derde party diensverskaffers, enige spesialiste en enige nodige regsverteenwoordiges, skuldinvorderaars of krediet buros. Die ouers / voogde van die leerling erken en stem saam dat alle werknemers wat aan diens is by Bambi Kleuterskool die persoonlike inligting soos voorsien mag verwerk en dat die werknemers gebind is deur 'n beleid en streng vertroulikheidsbepalings om die persoonlike inligting te verwerk.**

## AFDELING A: ALGEMENE BESONDERHEDE

### 1. BESONDERHEDE VAN KIND

Kind se van: ____________________________________________

Volle name: ____________________________________________

Noemnaam: ____________________________________________

Geboortedatum: ________________________________________

Geslag: Manlik/Vroulik

Huistaal: ______________________________________________

Naam van vorige skool: ______________________ Tel: ________________

______________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

## 2. BESONDERHEDE VAN OUERS/VOOGDE

Leef die vader nog? JA/NEE Leef die moeder nog? JA/NEE

Ouers geskei? JA/NEE Indien geskei, woon die kind by die VADER/MOEDER

Ouer verantwoordelik vir skoolgelde: VADER/MOEDER

**Vader:**

Naam en van: ____________________________________________

ID-nommer: ____________________________________________

Huistaal: ____________________________________________

Huisadres: ____________________________________________

Posadres: ________________________________ Kode: __________

E-posadres: ____________________________________________

Beroep: ____________________________________________

Naam van werkgewer: ______________________________________

Tel. Werk: ______________ Huis: ______________ Sel: ______________

**Moeder:**

Naam en van: ____________________________________________

ID-nommer: ____________________________________________

Huistaal: ____________________________________________

Huisadres: ____________________________________________

Posadres: ________________________________ Kode: __________

E-posadres: ____________________________________________

Beroep: ____________________________________________

Naam van werkgewer: ______________________________________

Tel. Werk: ______________ Huis: ______________ Sel: ______________

______________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

## 3. BESONDERHEDE VAN ANDER LEERLINGE (GESINSLEDE) IN BAMBI

Aantal kinders in gesin: ____________________

Het u voorheen kinders in Bambi gehad? JA/NEE

Naam/Name van ander kind(ers) tans in Bambi: ________________________________

## 4. ONDERTEKENAARS/VERKLARING:

Ek verklaar dat ek die inligting soos bevat in die vereistes-afdeling en afdeling A verstaan en aanvaar, en dat die inligting wat verskaf is, korrek is. Ek verklaar dat ek alle inligting bekend gemaak het wat relevant is tot hierdie leerling se opvoedkundige/skolastiese geskiedenis. Ek verstaan dat nie-bekendmaking van relevante inligting of verkeerde inligting mag lei tot die onmiddellike beëindiging van die aansoekproses, of onmiddellike de-registrasie van die leerling.

Handtekening Ouer/Voog 1:_____________________ Datum:_________________________

Handtekening Ouer/Voog 2:_____________________Datum:_________________________

_______________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

**AFDELING B: FINANSIËLE OOREENKOMS/ADMINISTRASIE VAN SKOOLGELDE**

**5. REGISTRASIE**

5.1 'n Eenmalige Registrasiefooi wat jaarliks bepaal sal word, is betaalbaar binne 7 (sewe) dae na aanvaarding en toelating van die kind.

5.2 'n Eenmalige Klasfooi wat jaarliks bepaal sal word, is nie later as 28 Februarie nie betaalbaar.

5.3 Die Kleuterskool behou die reg voor om enige aansoek te weier sonder om enige redes te voorsien.

**6. SKOOLGELDE**

6.1 Skoolgelde is onderhewig aan 'n jaarlikse verhoging soos bepaal deur die Beheerliggaam. Besonderhede sal ten volle uiteengesit word teen die einde van elke jaar.

6.2 Internetbetalings:

| | |
|---|---|
| Bank: | ABSA Bank |
| Rekeningnommer: | 2890 184 726 |
| Rekeningnaam: | Bambi Kleuterskool |
| Verwysing: | Kind se naam |

**7. SKOOLGELDE IS AS VOLG BETAALBAAR:**

7.1 Volle bedrag – Die volle bedrag teen 28 Februarie. Indien skoolgelde ten volle betaal word voor 28 Februarie mag 'n korting toegestaan word soos jaarliks deur die Beheerliggaam bepaal.

7.2 Maandelikse bedrag – Skoolgelde is vooruitbetaalbaar, vanaf Januarie tot November.

7.3 ALLE SKOOLGELDE MOET TEN VOLLE BETAAL WEES VOOR OF OP DIE 7$^{DE}$ NOVEMBER VAN ELKE JAAR.

7.3.1 Sou enige skoolgelde nie betaal wees op die bogenoemde datum nie, sal rente op die uitstaande bedrag betaalbaar wees teen 'n koers van óf 25% per jaar, óf die maksimum koers toegelaat deur die Woekerwet, watter een ook al die laagste is.

7.3.2 Sou die volle bedrag betaalbaar teen die einde van 'n kwartaal nie teen die finale datum betaal wees nie, sal 'n administratiewe heffing van R50.00 (vyftig Rand) betaalbaar wees, asook:

7.3.3 Sou die Kleuterskool genoop word om regstappe te neem om enige uitstaande bedrae in te vorder, sal 'n sertifikaat wat deur die Hoof van die Kleuterskool uitgereik is, dien as *prima facie* bewys van die uitstaande bedrag, dat dit verskulding en eisbaar is, in welke geval die Applikant/Ouer/Persoon verantwoordelik vir die betaling van skoolgelde ook verantwoordelik sal wees vir alle regsonkostes op 'n prokureur en kliënt basis.

7.3.4 Beide ouers en/of persoon verantwoordelik vir betaling kies die adresse soos beskryf in klousule 2 van hierdie ooreenkoms as hulle onderskeie *domicilium citandi et executandi* elk vir die doeleindes van in kennis stelling en/of enige regstappe nodig vir die doeleindes hiervan. Bambi Kleuterskool sal skriftelik in kennis gestel word van elke adresverandering.

## 8. ERKENNING VAN AANSPREEKLIKHEID

8.1 Ek/ons die ondergetekende Vader/Moeder/Applikant soos in Afdeling A hierbo beskryf, kom hiermee ooreen en bevestig dat ek/ons aanspreeklik is teenoor die Kleuterskool vir die bedrag soos beskryf in hierdie aansoek, en in die geval van meer as een applikant gesamentlik en afsonderlik, *in solidum*, betaal die een die ander om vrygespreek te word.

8.2 Ek/Ons bevestig en kom ooreen dat die ondertekening van hierdie ooreenkoms 'n bevestiging van aanspreeklikheid teenoor die Kleuterskool uitmaak vir die bedrae in hierdie dokument beskryf, en spesifiek dat my/ons ondertekening daarvan duidelik die volgende aandui:

8.2.1 'n erkenning van aanspreeklikheid vir enige bedrag aan die Kleuterskool verskuldig op grond van hierdie ooreenkoms;

8.2.2 'n aanbod om genoemde bedrae te betaal ooreenkomstig met die betalingsooreenkomste soos in hierdie Afdeling beskryf; en

8.2.3 'n onderneming om die genoemde bedrae te betaal ooreenkomstig met die bepalings van terugbetaling soos beskryf in hierdie Afdeling (wat spesifiek *inter alia* klousule 5 en 7 insluit).

## 9. OPSKORTING VAN SKOOLBYWONING

In die geval van nie-betaling van skoolgelde soos in klousule 7 gestel, behou die Kleuterskool die reg voor, buite en behalwe die regte van die Kleuterskool in hierdie dokument beskryf, om die kind hertoelating tot die skool te weier wanneer die nuwe kwartaal begin

__________________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

**10. KENNIS: VERLATING VAN DIE SKOOL**

Die Kleuterskool moet skriftelik een (1) kalendermaand vooruit in kennis gestel word wanneer die kind die Kleuterskool sou verlaat. Die vol kalendermaand se kennis is vooruitbetaalbaar.

**11. PERSOON VERANTWOORDELIK VIR DIE BETALING VAN SKOOLGELDE**

Naam en Van: ____________________________________________

ID-nommer: ____________________________________________

Huisadres: ____________________________________________

Posadres: ____________________________________ Kode: ________

E-posadres: ____________________________________________

**12. ONDERTEKENAARS/VERKLARING:**

Ek verklaar dat ek die inligting in hierdie afdeling verstaan en dat die inligting wat verskaf is, korrek is. Ek verklaar dat ek alle inligting relevant tot die aanspreeklikheid vir die betaling van skoolgelde bekend gemaak het. Ek verstaan dat nie-bekendmaking van relevante inligting, of verkeerde inligting, mag lei tot die onmiddellike beëindiging van die aansoekproses, of onmiddellike de-registrasie van die leerling.

Handtekening Ouer/Voog 1:____________________ Datum:________________________

Handtekening Ouer/Voog 2:____________________Datum:________________________

## AFDELING C: VRYWARINGS

### 13. TOEGANG

13.1 Die reg van toegang tot die perseel van die Kleuterskool word ten alle tye voorbehou.

13.2 Alle persone en kinders wat Bambi Kleuterskool betree, doen dit geheel en al op eie risiko.

13.3 Alle persone wat die eiendom van Bambi Kleuterskool betree, die ouers van kinders en die partye tot hierdie ooreenkoms, onderneem om die reëls en regulasies van Bambi Kleuterskool stip waar te neem en bevestig dat genoemde reëls by hierdie ooreenkoms ingelyf is as deel daarvan. Reëls word in die Inligtingsgids uiteengesit.

### 14. ALGEMENE VRYWARING

Geen leerling sal tot Bambi Kleuterskool toegelaat word alvorens die Algemene Vrywaringsvorm voltooi is nie.

### 15. ONDERTEKENAARS/VERKLARING:

Ek verklaar dat ek die inligting in hierdie afdeling verstaan en dat die inligting wat verskaf is, korrek is. Ek verstaan dat nie-bekendmaking van relevante inligting, of verkeerde inligting, mag lei tot die onmiddellike beëindiging van die aansoekproses, of onmiddellike de-registrasie van die leerling.

Handtekening Ouer/Voog 1:____________________ Datum:________________________

Handtekening Ouer/Voog 2:____________________Datum:________________________

## AFDELING D: INTERNE AKTIWITEITE/UITSTAPPIES/OPVOEDKUNDIGE BESOEKE/ALGEMENE SKOOLAKTIWITEITE/BUITEKURRIKULÊRE AKTIWITEITE

Ek ____________________________________________, die ouer/wettige voog van __________________________________ (volle naam en van van leerling): ID-nommer van leerling ____________________("my Kind") verklaar die volgende:

**16.** Ek is bewus dat die Centurion Kleuterskoolvereniging handeldrywende as Bambi Kleuterskool (hierna na verwys as "die Kleuterskool"), aktiwiteite reël soos interne aktiwiteite, uitstappies en opvoedkundige besoeke wat verwant is aan die kurrikulum en ander bedrywighede van die Kleuterskool ("Aktiwiteite");

**17.** Ek besef dat, desnieteenstaande die Kleuterskool se onderneming om redelike voorsorgmaatreëls te tref om my Kind se veiligheid en welstand te verseker gedurende skoolure en gedurende enige Aktiwiteit, die Kleuterskool nie in 'n posisie is om ten alle tye die veiligheid en welstand van my Kind te waarborg nie;

**18.** Ek gee hiermee toestemming dat my Kind mag deelneem aan enige amptelik gereëlde aktiwiteite van die Kleuterskool asook alle normale kurrikulêre aktiwiteite van die Kleuterskool. In die geval dat ek verlang om hierdie goedkeuring te onttrek of in die geval dat daar enige hindernis is teen deelname aan enige Aktiwiteit of normale kurrikulêre aktiwiteite van die Kleuterskool, sal ek die Kleuterskool na behore skriftelik in kennis stel;

**19.** Verder gee ek toestemming dat –

19.1 sou my Kind enigsins per motorvoertuig vervoer word, hetsy in 'n noodgeval of met betrekking tot 'n Aktiwiteit, mag my Kind vervoer word deur 'n wettige vervoeroperateur of 'n werknemer of ander ouer van die Kleuterskool met wie daar uitdruklik reëlings getref is vir sodanige doeleindes;

19.2 sou mediese behandeling/sjirurgiese ingryping vir my Kind nodig wees, en die Kleuterskool na redelike pogings nie daartoe in staat is om my of die aangewese kontakpersoon (wie se naam en besonderhede in die Aansoek om Toelating tot die Kleuterskool verskyn) te bereik nie, mag die relevante hoof of haar gevolmagtigde namens my toestemming gee vir die mediese behandeling/sjirurgiese ingryping;

**20.** Ek verklaar dat my Kind, na my wete, fisies daartoe in staat is om deel te neem aan enige Aktiwiteit van en normale bedrywighede by die Kleuterskool, asook dat my Kind goeie gesondheid geniet. Ek bevestig ook dat ek die Kleuterskool ingelig het van alle relevante feite en gestremdhede met betrekking tot my Kind se fisiese vermoëns en gesondheid;

__________________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

**21.** Ek aanvaar dat ek aanspreeklik sal gehou word vir die betaling van onkostes, mediese rekeninge en/of hospitaalrekeninge wanneer van toepassing in geval van 'n besering aan my Kind.

**22.** Ek vrywaar en stel vry van vergoeding die Kleuterskool, die lede daarvan, lede van die Beheerraad en werknemers met betrekking tot enige skadevergoeding, eise of aanspreeklikheid wat mag ontstaan as gevolg van skade of verlies van eiendom, fisiese besering, siekte of sterfte wat my of my Kind affekteer, en met betrekking tot my Kind se deelname in enige Aktiwiteit (insluitende die vervoer van my Kind), en/of kurrikulêre bedrywighede van die Kleuterskool, ongeag of dit voortvloei van of veroorsaak word deur nalatigheid of pligsversuim deur enige sodanige gevrywaarde party;

**23.** Ek is bewus dat, sou my Kind aan buitemuurse of buitekurrikulêre aktiwiteite deelneem, die Kleuterskool nie verantwoordelik gehou kan word vir my Kind se veiligheid en welstand nie. Ek vrywaar en stel vry van vergoeding die Kleuterskool, die lede daarvan, lede van die Beheerraad en werknemers met betrekking tot enige skadevergoeding, eise of aanspreeklikheid wat mag ontstaan as gevolg van skade of verlies aan eiendom, fisiese besering, siekte of sterfte wat my of my Kind affekteer, en met betrekking tot my Kind se deelname aan enige buitemuurse of buitekurrikulêre aktiwiteit wat plaasvind buite die normale besigheidsperseel van die Kleuterskool (hetsy dit gebeur gedurende of buite skooltye), ongeag of dit voortvloei van of veroorsaak word deur nalatigheid of pligsversuim (nalatigheid of andersins) deur enige sodanige gevrywaarde party.

ID-nommer van ouer/wettige voog: ___________________________________

Handtekening van ouer/wettige voog: ____________________________________

Datum: ____________________

**24. VRYWARING: NASKOOL**

'n Naskool is beskikbaar en word bestuur deur 'n privaatinstelling. 'n Aparte ooreenkoms moet gesluit word tussen u as ouer en die Bambi Naskoolsentrum. Die Bambi Kleuterskool aanvaar geen aanspreeklikheid van enige aard in verbinding met die bestuur en/of gebeure met betrekking tot die Naskool nie.

_________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

## AFDELING E: ALGEMENE BESONDERHEDE EN WAARNEMINGSLEêR

### 25. ALGEMENE BESONDERHEDE

**KIND**

Van: ______________________________________________________________

Volle Name: ________________________________________________________

Noemnaam: _________________________________________________________

Geboortedatum: _____________________________________________________

Geslag: ______________

Posisie van kind in gesin: (bv. Oudste kind = 1 van 3) ___________________________

**VADER**

Naam en Van: ______________________________________________________

Huisadres: ________________________________________________________

Beroep: __________________________________________________________

Telefoon: (H) _______________ (W) ______________ Sel __________________

**MOEDER**

Naam en Van: ______________________________________________________

Huisadres: ________________________________________________________

Beroep: __________________________________________________________

Telefoon: (H) _______________ (W) ______________ Sel __________________

Huwelikstatus van ouers: ______________________________________________

### 26. MEDIESE GESKIEDENIS

Die mediese geskiedenis van die kind wat hierby aangeheg is, word geag as 'n intergrale deel van ooreenkoms en die Ouer/Applikant waarborg dat die gesondheidsgeskiedenis in alle opsigte waar, korrek en volledig is, asook dat geen inligting weerhou is nie.

________________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

**27. VROEË ONTWIKKELING VAN DIE KIND**

Enige komplikasies tydens geboorte: ____________________________________________

________________________________________________________________________

Gewig van kind by geboorte: ____________________

Ouderdom wat u kind:

Begin loop het: ____________ Enige abnormaliteite waargeneem: _________________

Begin praat het: ____________ Enige abnormaliteite waargeneem: _________________

Toiletbewustheid ontwikkel het: ____________________________________________

Het u kind bevredigende: Blaasbeheer? __________ Beheer oor ontlasting? __________

Moet u kind nog herinner word om toilet toe te gaan? _____________________________

**28. MEDIESE GESKIEDENIS**

Algemene toestand van gesondheid: __________________________________________

Enige ernstige ongelukke of operasies? ______________________________________

Allergieë: Kos ___________________________ Behandeling _______________________

Medisyne ___________________________ Behandeling _______________________

Enige ander uitsonderlike siektetoestand waaraan u kind ly? ______________________

Is u kind se immunisering op datum? Ja / Nee

**Aansteeklike siektes gehad:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Masels | ☐ | Waterpokkies | ☐ |
| Kinkhoes | ☐ | Duitse masels | ☐ |
| Pampoentjies | ☐ | Witseerkeel | ☐ |
| Skarlakenkoors | ☐ | | |

**29. SOSIALE ONTWIKKELING**

Het u kind enige vorige speel-/groepervaring?_________________________________

Waar? ______________________________________________________________

Hoe kom u kind oor die weg met ander kinders? _______________________________

Hoe lank kyk u kind per dag TV? ___________________________________________

Word u kind gereeld blootgestel aan boeke en stories? __________________________

**30. EMOSIONELE ONTWIKKELING**

Is u kind maklik aanpasbaar? _______________________________________________

Sou u u kind ag as sensitief? ________________________________

Het enige aangeleentheid (verhuising, sterfte in die familie, egskeiding, geboorte, siekte) 'n ernstige impak op u kind gehad? ____________________________________________

______________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

**31. DISSIPLINE**

Ag u oor die algemeen u kind as maklik/redelik maklik/moeilik om te beheer?
________________________________________________________________

Watter bekommernisse het u tans ten opsigte van u kind se dissipline?
________________________________________________________________

Hoe hanteer u dit? ________________________________________________

**32. VERWAGTINGE VAN OUER**

In watter opsig wil u graag u kind sien ontwikkel? _____________________________
________________________________________________________________

**ENIGIETS ANDERS WAARVAN DIE KLEUTERSKOOL KENNIS BEHOORT TE NEEM:**
________________________________________________________________
________________________________________________________________
________________________________________________________________
________________________________________________________________

**33. ONDERTEKENAARS/VERKLARING:**

Ek verklaar dat ek die inligting in hierdie afdeling verstaan en dat die inligting wat verskaf is, korrek is. Ek verstaan dat nie-bekendmaking van relevante inligting, of verkeerde inligting, mag lei tot die onmiddellike beëindiging van die aansoekproses, of onmiddellike de-registrasie van die leerling.

Handtekening Ouer/Voog 1:____________________ Datum:________________________

Handtekening Ouer/Voog 2:____________________Datum:________________________

______________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

______________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**

## AFDELING F: KONTAKBESONDERHEDE

KIND SE VAN: ______________________________________________________________

KIND SE NAAM: ______________________________________________________________

ADRES: ______________________________________________________________

TEL: (Huis):______________________________________________________________

MOEDER SE NAAM: ____________________ Tel (werk): __________________ Sel: _________________________

VADER SE NAAM: ______________________ Tel (werk): __________________ Sel: _________________________

VADER SE E-POS: _________________________ MOEDER SE E-POS: ___________________________________

DOKTER: ______________________________________ Tel: ________________________________________

ANDER KONTAKPERSOON: ____________________________ Tel: ________________________________________

**PERSONE OP 'N PERMANENTE BASIS TOEGELAAT OM KINDERS BY DIE SKOOL TE KOM HAAL**:

NAAM: ________________________________________ Tel: ________________________________________

NAAM: ________________________________________ Tel: ________________________________________

NAAM: ________________________________________ Tel: ________________________________________

**ALLERGIEË**: ______________________________________________________________

**34. ONDERTEKENAARS/VERKLARING:**

**Ek verklaar dat ek die inligting in hierdie vorm verstaan en aanvaar, dat hierdie vorm 'n bindende kontrak konstitutueer en dat die inligting wat verskaf is, korrek is. Ek verstaan dat nie-bekendmaking van relevante inligting of verkeerde inligting mag lei tot die onmiddellike beëindiging van die aansoekproses of onmiddellike deregistrasie van die leerling.**

**Handtekening Ouer/Voog 1:________________ Datum:______________________**

**Handtekening Ouer/Voog 2:________________ Datum:______________________**

________________________________

**HANDTEKENING EN DATUM**